

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**E**k sien daar word deesdae flink gesmous met lewende annuïteite as 'n manier om boedelbelasting te vermy.

Wees gewaarsku: Dit is vol halwe waarheide.

Hier is die kern van die "plan" en van die probleme daarmee.

### Die 'plan'

As jy met 'n boedelbelastingprobleem sit, sê hierdie mense, verkoop jou bates en belê in 'n uittree-annuïteit (UA). Dan tree jy uit die UA en koop 'n lewende annuïteit. By dood is die lewende annuïteit nie deel van jou boedel nie en is daardie geld dus vrygestel van boedelbelasting.

### Die 'probleme'

Kom ons neem dit van 'n kant af.

Wanneer jy sterf, sê die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955), word al jou eiendom en dit wat geag word eiendom te wees (soos polisse) in jou boedel opgeneem en ná sekere aftrekkings en vrystellings word boedelbelasting gehef teen 'n koers van 20% tot R30 miljoen en teen 25% op alles daarbo.

Spesifiek uitgesluit daarvan is aftreefondsvordele, byvoorbeeld jou pensioenfonds of uittree-annuïteit, en ná aftrede 'n lewende annuïteit. Tussen 2009 en 2015 het mense groot bedrae geld belê in aftreefondsvordele om dit vry van boedelbelasting te laat oorgaan op naasbestaandes.

Die tesourie het dit raakgesien en 'n wetswysiging is aangebring in 2015 en toe weer in 2019 (die wysiging wat vir ons relevant is). Kortom behels dit dat wanneer 'n kontantonttrekking uit 'n lewende annuïteit geneem word by dood, daardie deel van die fonds waarop die oorledene nie 'n inkomstebelastingaftrekking kon kry toe hy of sy gespaar het nie (tot R350 000 of 27,5% per jaar is aftrekbaar), ingebring word as geagte eiendom vir boedelbelasting - art. 3(3)(e).

Net eers 'n tree terug.

By dood kan jou benoemdes kies om 'n inkomste te onttrek uit jou lewende annuïteit van tussen 2,5% en 17,5% per



# 'n Foefie met boedel-taks

## Dié produk-oplossing se gevolge duister

jaar (belasbaar as inkomste), of die volle bedrag in kontant neem (belasbaar as 'n aftree-kontantonttrekking tot 36% op alles bo R1 050 000). Die deel waarop die oorledene nie die inkomstebelastingaftrekking kon kry toe hy of sy gespaar het nie, soos hierbo genoem, word eers afgetrek (art. 5 van die tweede bylae van die Inkomstebelastingwet; Wet 58 van 1962) voordat die belasting op die aftree-kontantonttrekking bereken word. Dit word ingetel vir boedelbelasting.

### Daar is beter opsies

Nou, die smouse van hierdie "slim" boedelbelastingplan, sê (en hulle is korrek) as jou benoemdes op jou lewende annuïteit nie 'n kontantonttrekking neem by jou dood nie, maar net 'n inkomste, kan

daar nie boedelbelasting gehef word op daardie groot bedrae geld wat jy so belê het nie. Maar wat het jy ook gedoen?

Jy het wel boedelbelasting teen - kom ons sê dis minder as R30 miljoen - 20% bespaar. Maar jou benoemdes moet nou 'n inkomste onttrek in die vorm van 'n annuïteit.

Hoekom is dit belangrik?

'n Annuïteitsinkomste word ten volle belas as inkomste, dus tot 45%. Dit teenoor 'n gewone belegging waar 'n jaarlikse rentevrystelling van R23 800 (vir diene bo 65 jaar is dit R34 500) en 'n kapitaalwinstbelasting (KWB)-vrystelling van R40 000 is op die groei. Die onttrekkings self uit so 'n belegging is belastingvry. En daar is nie die beperking van 17,5% van die kapitaal per jaar nie.

As die geld in 'n polis belê is, is die inkomstebelasting op groei net 30% op rente- en huurinkomste en KWB teen 12%. Onttrekkings hieruit is belastingvry.

Kortom, daar is beter opsies uit 'n belastingoogpunt vir inkomste uit 'n belegging as 'n verpligte annuïteit.

En daar is die menslike faktor. Watter erfgenaam gaan hom- of haarself beperk tot 'n jaarlikse inkomste van net 17,5% van sy of haar erfgeld (teen 'n hoër belasting), eerder as om te sê, snert met oorlede pa se plan, ek wil my "erfporsie" alles in kontant hê.

Die "erfgenaar" het die keuse. Die keuse is nie die oorledene s'n nie. En dan val die geld tog in vir boedelbelasting en jy het niks bereik nie.

Maar daar is meer. Die boedelbelasting in so 'n geval gaan nie betaal word deur die benoemde wat die voordeel gaan kry nie, soos wat die geval sou wees met die uitbetaling van byvoorbeeld 'n polis nie.

Dit gaan uit die boedel betaal moet word, wat beteken jou ander erfgename gaan moet hoes vir jou boedelbelastingplan wat nie gewerk het nie.

Wat van 'n trust as benoemde?

As die produk (lewende annuïteit) waarin jy belê dit toelaat, kan jy 'n trust benoem. Jy bereik niks as die trust die kontantuitbetalingsopsie kies nie, soos ek hierbo verduidelik. As die trust besluit om die annuïteitsopsie te kies (om boedelbelasting te sistap) is die annuïteit belasbaar in die hande van die trust teen 45% (sonder vrystellings en aftrekkings).

Tans word toegelaat dat so 'n trust kan registreer as 'n werkgewer ten einde die belastinglaggete te sistap en lopende belasting te kan oorbetalen teen die koers wat die begunstigde geld. Dit hou egter sy eie probleme in.

Neem ook kennis dat waar die trust die eienaar van die lewende annuïteit is die annuïteit nie kan oorgaan op 'n volgende benoemde by die sterfte van die eerste bevoorreedes nie. Dit bly die eiendom van die trust.

Daar is beter maniere om boedelbelasting te doen en waarop boedelbelasting beperk kan word, eerder as om te gryp na produk-oplossings waarvan jy die gevolge nie kan bepaal of bestuur nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangijsen